# STELLENBERGER

**Augustus 2020**

## Wat beteken barmhartigheid vir my as gelowige?

deur: Ds. René Potgieter



*Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.* Matteus 5:7

Die Seisoen van Barmhartigheid word tradisioneel in Augustus gevier. Die koninkryk van God verg van ons om na mense uit te reik en hulle met liefde aan te raak. Die praktiese uitvoering van die opdrag lê in barmhartigheid. Maar hoe verwag God van ons om barmhartig te wees in hierdie uitdagende tyd waarin ons leef? Lees meer . . .

---



## My storie van hoop

Deur: Stephanie Bothma

Waar begin 'n mens om weer die gebeure van 'n paar jaar gelede neer te skryf? Eers het ek gemaak of ek nie die klein kuiltjie raaksien nie, maar toe wou dit nie, soos ek gehoop het, vanself verdwyn nie! Toe volg 'n sonar wat 'n kwansuis onskadelike gewas op die skerm aanwys, maar 'n biopsie word tog aanbeveel.

Nog steeds was ek nie bekommerd nie. Ek is gesond en as dit 'n kwaadaardige gewas was, moet ek mos sleg voel, of hoe? So het ek in my naïwiteit gedink.

En dan ontvang ek die oproep van die dokter met die uitslag – stadium 2-borskanker. Dis gelukkig nie aggressief nie, maar ek is skielik siek van skok.

Wat maak ek nou met die nuus? Eers vir Low gebel en die aand vir ons kinders vertel. Laurè het die aand oorgekom en ons het met Willem (wat in die VSA woon) die nuus via Skype gedeel. Ek onthou nog die skrik op sy gesig en die vraag: "Ma, moet ek terugkom?"

En so begin die eerste dag van die res van my lewe toe. Al waarvan ek seker was, is dat God se liefde vir my onveranderd bly. Dis onvoorwaardelik. En dis genoeg. Ek kan daaraan vashou.
Lees meer . . .

---

# ’n Passievolle versamelaar

Theodore Marais is ’n jare lange lidmaat van die gemeente en het nou op 52-jarige ouderdom, al ’n indrukwekkende versameling van 753 modelmotortjies bymekaargemaak. Stellenberger het besluit om meer oor dié versameling te wete te kom.

Theo was 32 jaar lank ’n inwoner van Alta du Toit Nasorg, maar woon die afgelope paar jaar by sy ouers, Johan en Theola Marais, in D’Urbanvale. Theola, sy ma, vertel dat die versamelgier Theo op ’n jong ouderdom beetgepak het en die eerste Matchbox-motortjie wat hy aangeskaf het, was ’n Mini Minor. "Theo is meer as ’n versamelaar," sê sy, "want motors is werklik sy hele lewe. Motors is al waaroor hy gesels en waarin hy belangstel.

"Hy dra altyd hemde met sakke sodat hy sy nuutste vonds saam met hom in sy hempsak kan dra. Die nuutste aankope word dan saans as hy gaan slaap, op die bedkassie uitgestal, of soms slaap hulle saam in die bed in die pajamahemp se sak. Ons onthou dat ons ’n foto van hom geneem het op eenjarige ouderdom, pas nadat by begin loop het, met ’n karretjie in sy hand en sedertdien het hy nog altyd ’n karretjie in die hand. Sy vyftigste verjaarsdagviering se tema was natuurlik ook motors. Lees meer . . .





---

# Die Covid-19-revolusie – hoe het dit mense werklik getref?



Deur: Rudolph van Schoor

Die Stellenberg Ondersteuningsentrum het soos feitlik alle ander instansies tydens vlak 5 van die inperking, aktiwiteite wat persoonlike kontak vereis, gestaak. Gelukkig kon die sielkundiges en lewensafrigters aanlyn met mense kontak behou en voortgaan om 'n ondersteunende diens vir die gemeente en die wyer gemeenskap te bied. Vanaf Maart tot Julie het 66 nuwe pasiënte van ons aanlyn diens gebruik gemaak.

Die aanlyn sessies was gratis en het as 'n klankbord gedien vir diegene wat gesukkel het om sin te maak van alles wat rondom hulle gebeur. Die impak van die grendeltyd het vir mense op verskillende tye 'n werklikheid begin geword. Vir baie was die spanning en angs wat die situasie ontketen het, 'n onmiddellike reaksie, terwyl ander die uitwerking eers 'n maand of twee later ervaar het.
Lees meer . . .

---




# Parowvallei-Oos pak die pandemie sonder om te knak!

Deur: Dr. Theo Swart

Parowvallei-Oos-gemeente is naby Tygerberg Hospitaal in 'n arm gemeenskap geleë, met min hulpbronne en nog minder finansies. Tog is ons baie ryk aan genade. Dis 'n inklusiewe gemeente, almal is welkom en meer as 'n derde van die lidmate is nie van ligte gelaat nie en lyk nie soos wat 'n mens tradisionele NG Kerk-lidmate sou beskryf nie.

'n Mens sou maklik kon sê dat Afrika na ons deure gekom het. Ons het 'n swart dominee, 'n mengelmoes lidmate, onder andere van Franse afkoms en het ook al ons eerste baba, wie se ouers uit Zimbabwe kom en by ons lidmate geword het, gedoop. Eredienste en alle ander aanbiedings word dus afwisselend in Afrikaans en Engels aangebied sodat elkeen ten minste 50% van wat gebeur, verstaan. Hier word lidmate gesien as familie en almal doen en vier alles saam. Kerkgangers word soos ou vriende met 'n drukkie verwelkom en 'n spesiale kruisie word aan eerste besoekers uitgedeel. Ons kerkgebou, wat 'n bymekaarkomplek vir die hele gemeenskap is, is in 'n uitstekende toestand en motiveer ook sommer almal rondom die kerk om hulle eie huise 'n bietjie mooier te maak en op te knap. Lees meer

---

# Knap handewerk deur 'n sewentienjarige

Die sewentienjarige Dean van Schoor het eiehandig 118 maskers gemaak en aan die Klipheuwel Primêre Skool geskenk. Dean, wat gereeld by Stellenberg-gemeente se jeugdienste en die Annibrand Senior-kategesegroep inskakel, is 'n leerder van Fairmont Hoërskool en ook 'n lid van die 1st Durbanville Scout-groep.

Hy is besig om vir die hoogste toekenning in die Scout-groep te werk en moet onder andere minstens 40 uur gemeenskapsdiens doen om die toekenning te verwerf.

“Ek het gehoor die kerk maak maskers vir minderbevoorregte mense bymekaar en het toe besluit om dit my projek te maak,” sê Dean.  “Ek het 100 maskers self gemaak en 18 donasies van mede-Scouts ontvang.  My ouers was gaaf genoeg om die materiaal vir my projek te borg.” Lees meer . . .





## Ons ouderlinge rol moue op

Twee van Stellenberg-gemeente se ouderlinge, Karen Visagie en Dirmü Gouws, het gaan hand bysit by die *Mother Soup Project* in Woodstock.

Karen vertel dat die Woodstock Brouery besluit het om hulle bierketels tydens die inperking in te span vir die kook van sop.  Hulle het met die hulp van voedseltegnoloë, dieetkundiges en sjefs, ’n voedsame en smaaklike sop ontwikkel en word daar nou daagliks 7 000 liter sop in die bierketels gekook.   Hulle het selfs al soveel as 14 000 liter sop op ’n dag gekook en het tydens die inperkingstyd al meer as ’n miljoen maaltye aan honger mense voorsien. Lees meer . . .







# Om Jesus se hande te wees . . .

Deur: Anéne Nortier

Die markpleinarea op ons kerkperseel was een van die ruimtes waar ons as lidmate 'n stuk samesyn en omgee vir mekaar kon beleef. Dis waar ons gekuier het en die geleentheid gehad het om uit te vind hoe dit met mekaar gaan. Die saamkuiers was ons wel nie die afgelope paar maande beskore nie, maar in dieselfde ruimte het 'n nuwe vorm van omgee en opregte diensbaarheid op 'n baie besondere wyse ontvou.

Sedert 21 April is daar ongeveer 1 800 brode, byna 2 000 blokke bevrore sop en 'n paar ton groente in die markplein ontvang en weer vandaar na diegene wat dit broodnodig het, versprei. Lees meer . . .

---



# 40 geskenke wat Covid-19 my gegee het

Deur: Dr. Braam Hanekom

Daar is 'n gesegde wat lui dat elke donker vallei 'n geskenk aan jou bied. Net jy kan dit vind en net jy kan dit oopmaak. Met COVID-19 is dit nie anders nie. Die afgelope dae het ek gaan sit en nadink oor die mooi en goeie goed wat ek die afgelope tyd om my waargeneem en ontvang het.

1. Ek het my huis weer leer waardeer. Vir te lank was dit net 'n oorslaapplek in 'n te vol lewe. Ek kon regpak, mooimaak en hierdie ongelooflike gawe uit God se hand opnuut waardeer. Ek kon die voëls in die tuin hoor sing en het meermale gevoel ek wil sommer saamsing.
2. Die feit dat vliegtuie minder gevlieg het en motors minder gery het, het 'n groot rustigheid in ons omgewing meegebring. Die behoefte aan minder lug- en padverkeer waaroor ons so lank gepraat en voor gepleit het, het danksy Covid-19 gebeur.
3. Daar is wonderlike nuwe netwerke in plaaslike gemeenskappe gestig. Mense het uitgereik, saamgestaan en mekaar op 'n nuwe manier leer ken en dien.
4. Gesinne het vroegoggend saam gaan stap. Ek kan nie onthou dat ek al ooit soveel gesinne saam sien stap het nie.
5. Ek het nuwe maniere van bid ontdek. Die Zoom-gebedsbyeenkomste wat ek met medelidmate, maar ook ekumeniese vriende gehad het, was van my mees spesiale en mees intieme gebedsgeleenthede ooit.

Lees meer . . .

---

# 'n Ekonomiese krisis noop ons tot vernuwende denke

Deur: Dirk Brand en JP Cronje

*Good economic activity arises, ultimately, from humans behaving well towards each other. A healthy*




*economy requires that each person view another with dignity.* (Davies, A. The role of religion in the economy, International Journal on World Peace, 2004)

Covid-19 het die wêreld radikaal verander.  Kerke moes ook skielik anders begin dink en doen om aan te pas by die nuwe realiteit wat hierdie pandemie geskep het.  Selfs aan die begin van die inperkingstyd was dit duidelik dat die ekonomiese krisis wat die gevolg van streng inperkingsmaatreëls is, ernstige gevolge vir die breë gemeenskap sou inhou.  Ons het dit ook in Stellenberg besef en Projek Samaritaan, wat fokus op die grootste maatskaplike behoeftes tans, is gebore.  Een van die pilare van Projek Samaritaan is die ekonomie en dit bestaan uit twee elemente, naamlik: die vestiging van 'n aanlyn platform vir klein ondernemings om hul produkte en dienste te bemark (www.stellenberg.co.za/samaritaan2/) en professionele advies vir mense wat 'n besigheid wil begin of nuwe geleenthede daarvoor soek. Lees meer

---

# Vanjaar is die antwoorde anders

Deur: Ds. Callie Visagie

Ek lees onlangs die vertelling van 'n senuweeagtige student van Princeton Universiteit in die 1930's, met die ontvangs van sy eksamenvraestel. Hy voel effens verward.  Vir 'n oomblik word hy deur 'n gevoel van déjà vu oorval,  want alles voel net té bekend, en hy wonder by homself: "Kan dit wees dat die welbekende, gerespekteerde Albert Einstein dieselfde vraestel sal herhaal?"  Die jongman konfronteer sy dosent na afloop van die toets en vereis 'n verduideliking, waarop die dosent antwoord: "Jy's 100% reg, die vrae is dieselfde, maar vanjaar is die antwoorde anders."

Daar is 'n versteekte waarheid in dié reaksie en dit het sekerlik ook betrekking op die kerk te midde van ons huidige omstandighede: ons rol, roeping en die werklikheid van dít wat vir ons voorlê in die toekoms. Die afgelope maande het nuwe uitdagings aan die leierskap en predikante se kreatiwiteit en innoverende beplanning gestel. Hoe kan ons effektief bedien, waarop moet ons fokus en  hoe hoor ons die Here se stem te midde van nuwe omstandighede, is van die vrae waarmee ons geworstel het.  Beplanning vir die toekoms en die wyse waarop die gemeentelike bediening gaan lyk, kan nie meer steun op ou en geykte antwoorde nie.

Die Strategiekommissie van die kerkraad is al die afgelope paar weke hieroor in gesprek met mekaar, met kundige rolspelers, asook met jong lidmate.  Ons vra ons die vraag af – waarheen wil die Here met ons as geloofsgemeenskap beweeg en hoe wil Hy ons gebruik?  Lees meer . . .

---

# 'n Opdrag vir elke vrou

Deur: René Potgieter

Jy is vrou – spesiaal deur God geskape.  Daarom is hierdie artikel vir jou.  Mag jy hierdeur versterk en bemoedig word.  Ek gesels met jou na aanleiding van die verhaal van Ester en om spesifiek bruikbaar te wees, daar waar God jou ook al plaas.

In die boek Ester lees ons van 'n jong vrou van nederige



afkoms wat gekies word om die koning se vrou te word. Dit gebeur in die tyd toe Ahasveros as koning van die Persiese Ryk aan bewind was. Ahasveros hou 'n weelderige partytjie en hy laat roep vir Vasti, die koningin, om met haar voor al sy gaste te spog. Sy weier om haarself ten toon te stel en Ahasveros onttroon haar. Hy is egter daarna so bedruk oor sy besluit, dat sy amptenare hom probeer opbeur deur vir hom 'n ander vrou te vind. In hierdie soektog word ook Ester as 'n moontlike koningin raakgesien en na die paleis geneem. Lees meer . . .

---



## Uit die mond van 'n sestienjarige . . .

Danae de Nysschen, derde van links op die foto, is 'n graad 10-leerder van Hoërskool Stellenberg en beskryf in haar eie woorde hoe sy die landwye inperking en die Covid-19-pandemie beleef.

*There is a fierce, faceless predator, just outside the perimeter of my house! It is a powerful monster! So powerful it forced governments from around the world to shut their borders and send all their citizens home to stay there. What did I do wrong? Is this not what you would do to a naughty child, to send them to their room when they are misbehaving?*

*Now like little Clownfish we dare leave our safe anemone to join the world again, but this monster is still there, lurking in the dark and preying on its victims on the streets, in malls, hospitals and workplaces. Invisible to us and striking hard and effectively at you when least expected.* Lees meer . . .

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan | Eversdal, Wes-Kaap 7550 ZA | www.stellenberg.co.za

Share this email:

Manage your preferences | Opt out using TrueRemove™
Got this as a forward? Sign up to receive our future emails.
View this email online.

h.v. Edelweissweg en Mountain Viewrylaan
Eversdal, Wes-Kaap | 7550 ZA

This email was sent to .
*To continue receiving our emails, add us to your address book.*

Subscribe to our email list.